Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Edele die Minister van Arbeid behaag het om, kragtens die bepalings van subartikels (1) en (2) van artikel *veertien* van die Wet op Registrasie vir Werk (Wet No. 34 van 1945), ondergenoemde persone as lede en plaasvervangers vir lede van die Vereenigingse Jeugraad vir die tydperk eindigende 31 Desember 1957 aan te stel:—

(*a*) WERKGEWERS.

Lid.	*Plaasvervanger.*
(i) Mnr. M. Shapiro.	Mnr. M. E. Hawell.
(ii) Mnr. B. N. Viljoen.	Mnr. B. J. Pieterse.
(iii) Mnr. J. H. van Eeden.	Mnr. D. J. Malan.
(iv) Mnr. T. M. Dannhauser.	Mnr. B. P. Cadwell.
(v) Mnr. G. A. Spence.	Mnr. W. N. Randell.
(vi) Mnr. D. Plitt.	Mnr. D. B. v. d. Merwe.

(*b*) WERKNEMERS.

Lid.	*Plaasvervanger.*
(i) Mnr. L. H. Germishuys.	Mnr. P. S. Oosthuizen.
(ii) Mnr. S. H. Coetzee.	Mnr. E. M. F. Hein.
(iii) Mnr. A. J. Wingrave.	Mnr. D. Howard.
(iv) Mnr. H. W. Meyer.	Mnr. B. D. Koster.
(v) Mnr. P. J. McK. Pretorius.	Mnr. F. Stott.
(vi) Mnr. A. R. J. Loots.	Mnr. D. B. Ehlers.

(*c*) OPVOEDKUNDIGES EN MAATSKAPLIKE WERKERS.

Lid.	*Plaasvervanger.*
(i) Mnr. B. C. Loots.	Mej. M. S. van Wyk.
(ii) Mnr. R. E. v. d. Molen.	Mnr. A. Jooste.
(iii) Mnr. A. Ras.	Mnr. W. F. Mondriaan.
(iv) Mnr. P. J. Meijer.	Mnr. F. J. du Pisani.
(v) Mev. C. Robson.	Mev. E. C. Hunt.
(vi) Mev. S. J. Koster.	Mev. C. J. Haupt.

1612/6/37/25.

✱ No. 396.] [4 Maart 1955.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

Ek, Robert William Grieve, Nywerheidsregistrateur, maak hierby ingevolge subartikel (4) van artikel *vier* soos toegepas deur subartikel (4) van artikel *sewe* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bekend dat 'n aansoek om 'n verandering van geregistreerde bestek van die „Tailoring Workers' Industrial Union", waarvan besonderhede in die bygaande tabel verskyn, deur my ontvang is.

Enige geregistreerde vakvereniging wat besware teen die toestaan van genoemde aansoek het, word hiermee uitgenooi om sodanige besware skriftelik binne een maand vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing aan my, p/a Departement van Arbeid, Laboriagebou, h/v Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria, voor te lê.

TABEL.

Naam van Vakvereniging...	„Tailoring Workers' Industrial Union".
Datum van aansoek.....	26 Januarie 1955.
Belange ten opsigte waarvan registrasie verlang word	Werknemers in die „Pelsnywerheid" wat beteken:— (i) Die vervaardiging en/of ontwerp van klerasie wat van pelsvelletjies gemaak word, afgesien daarvan of sodanige klerasie op maat van die individuele persoon of andersins vervaardig is, en omvat alle werksaamhede wat daarmee gepaard gaan, maar omvat nie klerasie wat pelsopmaaksels of voering het en hoofsaaklik van ander materiaal as pelsvelletjies vervaardig word; en/of (ii) die kleur van pelsvelletjies.
Gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word	Magistraatsdistrikte van Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Delmas en Randfontein.
Adres van applikantvakvereniging	Posbus 5457, Johannesburg.

✱ No. 386.] [4 March 1955.

MEMBERSHIP.—VEREENIGING JUVENILE AFFAIRS BOARD.

It is hereby notified for general information that the Honourable the Minister of Labour has been pleased to appoint, in terms of sub-sections (1) and (2) of section *fourteen* of the Registration for Employment Act (Act No. 34 of 1945), the following persons as members and alternates to members of the Vereeniging Juvenile Affairs Board for the period ending the 31st December, 1957.

(*a*) EMPLOYERS.

Member.	*Alternate.*
(i) Mr. M. Shapiro.	Mr. M. E. Hawell.
(ii) Mr. B. N. Viljoen.	Mr. B. J. Pieterse.
(iii) Mr. J. H. van Eeden.	Mr. D. J. Malan.
(iv) Mr. T. M. Dannhauser.	Mr. B. P. Cadwell.
(v) Mr. G. A. Spence.	Mr. W. N. Randell.
(vi) Mr. D. Plitt.	Mr. D. B. v. d. Merwe.

(*b*) EMPLOYEES.

Member.	*Alternate.*
(i) Mr. L. H. Germishuys.	Mr. P. S. Oosthuizen.
(ii) Mr. S. H. Coetzee.	Mr. E. M. F. Hein.
(iii) Mr. A. J. Wingrave.	Mr. D. Howard.
(vi) Mr. H. W. Meyer.	Mr. B. D. Koster.
(v) Mr. P. J. McK. Pretorius.	Mr. F. Stott.
(vi) Mr. A. R. J. Loots.	Mr. D. B. Ehlers.

(*c*) EDUCATIONALISTS AND SOCIAL WORKERS.

Member.	*Alternate.*
(i) Mr. B. C. Loots.	Miss M. S. van Wyk.
(ii) Mr. R. E. v. d. Molen.	Mr. A. Jooste.
(iii) Mr. A. Ras.	Mr. W. F. Mondriaan.
(iv) Mr. P. J. Meijer.	Mr. F. J. du Pisani.
(v) Mrs. C. Robson.	Mrs. E. C. Hunt.
(vi) Mrs. S. J. Koster.	Mrs. C. J. Haupt.

1612/6/37/25.

✱ No. 396.] [4 March 1955.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

I, Robert William Grieve, Industrial Registrar, hereby give notice in terms of sub-section (4) of section *four* as applied by sub-section (4) of section *seven* of the Industrial Conciliation Act, 1937, that an application for a variation of scope by the Tailoring Workers' Industrial Union, particulars of which appear in the subjoined table, has been received by me.

Any registered trade union having objections to such variation, is invited to submit such objections to me, in writing, c/o Department of Labour, Laboria Building, corner Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria, within one month of the date of publication of this notice.

TABLE.

Name of Trade Union.....	Tailoring Workers' Industrial Union.
Date of application.....	26th January, 1955.
Interests applied for.....	Employees in the "Fur Manufacturing Industry" which shall mean: (i) The manufacturing and/or designing of wearing apparel made from fur pelts irrespective of whether such wearing apparel was made to measurement of the individual person or otherwise and shall include all operations incidental thereto, but shall not include wearing apparel having fur trimming or lining and being made mainly from materials other than fur pelts, and/or (ii) the dyeing of fur pelts.
Area in respect of which registration is desired	Magisterial districts of Krugersdorp, Roodepoort, Johannesburg, Germiston, Boksburg, Benoni, Brakpan, Springs, Delmas and Randfontein.
Address of applicant Trade Union	P.O. Box 5457, Johannesburg.

Van geregistreerde vakverenigings wat besware indien teen die tostaan van die aansoek, word hierby kragtens subartikel (4) van artikel *vier* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, verlang om, benewens enige ander gegewens wat hulle ter staving van sodanige besware wens om voor te lê, onderstaande inligting skriftelik by my binne 'n tydperk van sewe dae na die vervaldag van die tydperk van een maand, in te dien:—

(*a*) Die getal lede van die vakvereniging in die nywerheid en die gebied waarvoor aansoek gedoen word of in 'n afdeling van die Nywerheid of gebied ten opsigte waarvan beswaar gemaak word, op enige datum tussen die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en die vervaldag van die genoemde tydperk van sewe dae.

(*b*) Die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die bepalings van die vakvereniging se grondwet binne die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) genoem.

(*c*) Die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die bepalings van die vakvereniging se grondwet buite die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in (*a*) genoem.

(*d*) Die datum waarop die besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) genoem, betrekking het.

R. W. GRIEVE,
Nywerheidsregistrateur.

✱ No. 397.] [4 Maart 1955.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

Ek, Robert William Grieve, Nywerheidsregistrateur, maak hierby ingevolge subartikel (4) van artikel *vier* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bekend dat 'n aansoek om registrasie van die Lichtenburg Bouwerkers Industriële Vereniging, waarvan besonderhede in onderstaande tabel voorkom, deur my ontvang is.

Enige geregistreerde vakvereniging wat besware teen die toestaan van sodanige registrasie het, word versoek om dié besware skriftelik aan my binne een maand na publikasie van hierdie kennisgewing, p/a Departement van Arbeid, Laboriagebou, h/v Paul Kruger- en Schoemanstraat, Pretoria, voor te lê.

TABEL.

Naam van Vakvereniging...	Lichtenburg Bouwerkers Industriële Vereniging.
Datum van aansoek.....	18 November 1954.
Belange ten opsigte waarvan aansoek gedoen word	Alle blanke werknemers in die Boubedryf.
Gebiede ten opsigte waarvan registrasie verlang word	Magistraatsdistrik Lichtenburg.
Adres van vakvereniging wat aansoek doen	Scholtzstraat 186, Lichtenburg.

Van geregistreerde vakverenigings wat besware teen die toestaan van die aansoek indien, word hierby ingevolge subartikel (4) van artikel *vier* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, vereis om benewens ander gegewens wat hul ter staving van hul beswaar verlang om voor te lê, onderstaande inligting skriftelik by my binne 'n tydperk van sewe dae na verstryking van die tydperk van een maand, in te dien:—

(*a*) Die getal lede van die vakvereniging in die nywerheid en die gebied ten opsigte waarvan aansoek gedoen word of in 'n afdeling van die nywerheid of gebied ten opsigte waarvan beswaar ingedien word, op enige datum tussen die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en die verstryking van genoemde tydperk van sewe dae.

(*b*) Die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die vakvereniging se grondwet binne die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum genoem in paragraaf (*a*).

Any registered trade union submitting any objection to the granting of the application, is hereby required in terms of sub-section (4) of section *four* of the Industrial Conciliation Act, 1937, to submit to me, in writing, in addition to any other material which it may wish to advance in substantiation of its objection, the following information within a period of seven days from the expiration of the period of one month:—

(*a*) The number of members of the union in the industry and area applied for or in any section of such industry or area in respect of which objection is lodged at any date between the date of publication of this notice and the expiry of the said period of seven days.

(*b*) The number of members under (*a*) who were in benefit in terms of the trade union's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*) above.

(*c*) The number of members under (*a*) who were out of benefit in terms of the trade union's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*) above.

(*d*) The date to which the particulars referred to in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) relate.

R. W. GRIEVE,
Industrial Registrar.

✱ No. 397.] [4 March 1955.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

I, Robert William Grieve, Industrial Registrar, hereby give notice in terms of sub-section (4) of section *four* of the Industrial Conciliation Act, 1937, that application for the registration of the "Lichtenburg Bouwerkers Industriële Vereniging", particulars of which are given in the subjoined table, has been received by me.

Any registered trade union having objection to such registration, is hereby invited to submit such objection to me, in writing, c/o Department of Labour, Laboria Building, corner Paul Kruger and Schoeman Streets, Pretoria, within one month of the date of publication of this notice.

TABLE.

Name of Union.....	Lichtenburg Bouwerkers Industriële Vereniging.
Date of application.....	18th November, 1954.
Interests applied for.....	All European employees in the Building Industry.
Area in respect of which Registration is desired	Magisterial district of Lichtenburg.
Address of applicant Trade Union	186 Scholtz Street, Lichtenburg.

Any registered trade union submitting any objection to the granting of the application, is hereby required in terms of sub-section (4) of section *four* of the Industrial Conciliation Act, 1937, to submit to me, in writing, in addition to any other material which it may wish to advance in substantiation of its objection, the following information within a period of seven days from the expiration of the said period of one month:—

(*a*) The number of members of the union in the industry and area applied for or in any section of such industry or area in respect of which objection is lodged at any date between the date of publication of this notice and the expiry of the said period of seven days.

(*b*) The number of members under (*a*) who were in benefit in terms of the union's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*).

(*c*) Die getal lede onder (*a*) wat ingevolge die vakvereniging se grondwet buite die voordele van lidmaatskap gestel was op die datum in paragraaf (*a*) genoem.

(*d*) Die datum waarop besonderhede in paragrawe (*a*), (*b*) en (*c*) genoem, betrekking het.

R. W. GRIEVE,
Nywerheidsregistrateur.

✱ No. 398.] [4 Maart 1955.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

INTREKKING VAN REGISTRASIE VAN 'N VAKVERENIGING.

Ek, Robert William Grieve, Nywerheidsregistrateur, maak hierby kragtens subartikel (2) van artikel *vyftien* van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bekend dat tensy gronde tot die teendeel binne 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing aangevoer word, die registrasie van die „Natal Liquor and Catering European Employees' Society" ingetrek sal word.

R. W. GRIEVE,
Nywerheidsregistrateur.

✱ No. 408.] [4 Maart 1955.

WET OP VAKLEERLINGE, No. 37 VAN 1944, SOOS GEWYSIG BY WET No. 28 VAN 1951.

LEERNYWERHEID, KAAP.

Onderstaande verbetering van Goewermentskennisgewing No. 223 van 11 Februarie 1955 word vir algemene inligting bekendgemaak:—

Skrap die woorde „of 1 Julie moet voorskiet ten opsigte van die eksamens wat onderskeidelik in Junie en November" waar hulle vir die tweede keer in klousule 5 (*b*) van die Afrikaanse teks voorkom.

✱ No. 409.] [4 Maart 1955.

WET OP VAKLEERLINGE, No. 37 VAN 1944, SOOS GEWYSIG BY WET No. 28 VAN 1951.

LEERNYWERHEID, WITWATERSRAND.

Onderstaande verbetering van Goewermentskennisgewing No. 221 van 11 Februarie 1955, word vir algemene inligting bekendgemaak;—

Skrap die woorde „pursuant of the" waar hulle vir die tweede keer in die aanhef van die Engelse teks voorkom.

✱ No. 428.] [4 Maart 1955.

LOONWET, 1937.

LOONRAADONDERSOEK.—KOMMERSIËLE DISTRIBUSIE- EN VERVERSINGSBEDRYF, KLEINER DORPE.

Die volgende wysiging aan die opdrag ten opsigte van bogenoemde bedryf wat bekendgemaak is by Goewermentskennisgewing No. 245 wat in *Staatskoerant* No. 5417 van 11 Februarie 1955 verskyn, word vir algemene inligting bekendgemaak:—

Voeg die woorde „of wyn- en bierdranklisensie" in na die woord „hoteldranklisensie" in uitsluiting No. (iii) onder die woordomskrywing van „Kommersiële Distribusiebedryf".

(*c*) The number of members under (*a*) who were out of benefit in terms of the union's constitution as at the date mentioned in paragraph (*a*).

(*d*) The date to which the particulars referred to in paragraphs (*a*), (*b*) and (*c*) relate.

R. W. GRIEVE,
Industrial Registrar.

✱ No. 398.] [4 March 1955.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

CANCELLATION OF REGISTRATION OF A TRADE UNION.

I, Robert William Grieve, Industrial Registrar, hereby notify in terms of sub-section (2) of section *fifteen* of the Industrial Conciliation Act, 1937, that unless cause is shown to the contrary within a period of fourteen days from the date of publication of this notice, the registration of the "Natal Liquor and Catering European Employees' Society" will be cancelled.

R. W. GRIEVE,
Industrial Registrar.

✱ No. 408.] [4 March 1955.

APPRENTICESHIP ACT, No. 37 OF 1944, AS AMENDED BY ACT No. 28 OF 1951.

LEATHER INDUSTRY, CAPE.

The following correction to Government Notice No. 223 of the 11th February, 1955, is published for general information:—

Delete the words "of 1 Julie moet voorskiet ten opsigte van die eksamens wat onderskeidelik in Junie en November" where they appear for the second time in clause 5 (*b*) of the Afrikaans version.

✱ No. 409.] [4 March 1955.

APPRENTICESHIP ACT, No. 37 OF 1944, AS AMENDED BY ACT No. 28 OF 1951.

LEATHER INDUSTRY, WITWATERSRAND.

The following correction to Government Notice No. 221 of the 11th February, 1955, is published for general information:—

Delete the words "pursuant of the" where they appear for the second time in the preamble to the English version.

✱ No. 428.] [4 March 1955.

WAGE ACT, 1937.

WAGE BOARD INVESTIGATION.—COMMERCIAL DISTRIBUTIVE AND CATERING TRADES; SMALLER TOWNS.

The following amendment to the reference in respect of the abovenamed trade which was published under Government Notice No. 245 appearing in *Government Gazette* No. 5417 of the 11th February, 1955, is published for general information:—

Add the words "or wine and malt liquor licence" at the end of exclusion (iii) under the definition of "Commercial Distributive Trade".

DEPARTEMENT VAN POS-EN-TELEGRAAFWESE.

✱ No. 387.] [4 Maart 1955.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om kragtens die bepalings van artikel *vier* van Wet No. 10 van 1911 nagenoemde posgeld, wat op 1 April 1955 van krag sal word, vir pakkette na Nederlands-Nieu-Guinee goed te keur:—

Gewig (lb.)	*s.*	*d.*
1	7	10
2	8	6
3	9	11
4	12	6
5	13	2
6	13	10
7	14	6
8	18	1
9	18	9
10	19	5
11	20	1

✱ No. 388.] [4 Maart 1955.

Dit het sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bepalings van subartikel (4), artikel *drie* van Wet No. 10 van 1911, die ondergemelde ooreenkoms vir die wisseling van pospakkette tussen die Unie van Suid-Afrika en die Staat van Israel, goed te keur.

OOREENKOMS VIR DIE WISSELING VAN POS-PAKKETTE TUSSEN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA EN DIE STAAT VAN ISRAEL.

Die ondergetekendes, behoorlik daartoe gemagtig, het namens hulle onderskeie Regerings ooreengekom tot die wisseling van pospakkette tussen die Unie van Suid-Afrika en die Staat van Israel ooreenkomstig onderstaande bepalings:—

ARTIKEL I.

'n Gereëlde regstreekse wisseling van pakkette tussen die Unie van Suid-Afrika en die Staat van Israel word ingestel. Die wisseling word onderneem deur die wisselkantore van die twee kontrakterende lande soos deur hulle onderskeie posadministrasies besluit mag word.

ARTIKEL II.

Maksimum gewig en afmetings.

1. Pakkette mag hoogstens drie voet ses duim (1·07 meter) lank wees en die lengte en omtrek, gemeet in 'n ander rigting as die legte, mag tesame hoogstens 6 voet (1·83 meter) wees.

2. Pakkette mag hoogstens 11 Engelse pond avoirdupois of 5 kilogram weeg.

3. Vir die juistheid van die gewig en afmetings van 'n pakket word die mening van die administrasie van herkoms aangeneem, tensy 'n klaarblyklike fout gemaak is.

4. Die voornoemde maksimum gewig en afmetings kan by wedersydse ooreenkoms tussen die twee kontrakterende administrasies verander word.

ARTIKEL III.

Verbodsbepalings.

1. Die kontrakterende administrasies moet aan mekaar 'n lys verskaf van artikels die invoer waarvan in hulle lande verbode is.

2. Enige pakket, waarvan die inhoud volgens die besonderhede op die lys deur die verordeninge van die land van bestemming tot verbode artikel verklaar is, word sonder meer na die land van herkoms teruggestuur. Besonder gevaarlike, ontplofbare of aanstootlike artikels word volgens die binnelandse verordeninge van die betrokke land behandel. 'n Bevestigingsadvies moet in elke sodanige geval na die wisselkantoor gestuur word en 'n afskrif daarvan na die administrasie van herkoms as die administrasie dit verlang.

DEPARTMENT OF POSTS AND TELEGRAPHS.

✱ No. 387.] [4 March 1955.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of section *four* of Act No. 10 of 1911, to approve the undermentioned postage rate, which will become effective from the 1st April, 1955, on parcels to the Netherlands New Guinea:—

Weight (lb.)	*s.*	*d.*
1	7	10
2	8	6
3	9	11
4	12	6
5	13	2
6	13	10
7	14	6
8	18	1
9	18	9
10	19	5
11	20	1

✱ No. 388.] [4 March 1955.

His Excellency the Governor-General has been pleased, under the provisions of sub-article (4), article *three* of Act No. 10 of 1911, to approve the undermentioned agreement for the exchange of postal parcels between the Union of South Africa and the State of Israel.

AGREEMENT FOR AN EXCHANGE OF POSTAL PARCELS BETWEEN THE UNION OF SOUTH AFRICA AND THE STATE OF ISRAEL.

The undersigned being duly authorised have agreed, on behalf of their respective Governments, to the exchange of postal parcels between the Union of South Africa and the State of Israel, in accordance with the following provisions:—

ARTICLE I.

There shall be a regular exchange of postal parcels between the Union of South Africa and the State of Isreal. The exchange shall be effected per medium of the exchange offices of the two contracting countries as may be determined by the respective Postal Administrations.

ARTICLE II.

Limits of Size and Weight.

1. Parcels may not exceed 3 feet 6 inches (1·07 metres) in length and the sum of the length and of the greatest circumference measured in a direction other than that of the length shall not exceed 6 feet (1·83 metres).

2. Parcels may not exceed 11 English pounds avoirdupois or 5 Kilograms.

3. For the correct computation of the weight or measurement of a parcel, the opinion of the Administration of origin shall be taken as final unless an obvious error has been made.

4. The foregoing limits of size and weight shall be subject to alteration by mutual agreement between the two contracting Administrations.

ARTICLE III.

Prohibitions.

1. The contracting Administrations shall furnish to each other a list of the articles the importation of which into their countries is prohibited.

2. Any parcel, the contents of which are found to be contrary to the regulations of the country of destination, according to the particulars furnished on the list, shall without further formalities be returned to the Administration of origin. Exceptionally dangerous, explosive or offensive articles shall be disposed of in accordance with the internal regulations of the country concerned and a verification note will be raised in each such case against the office of exchange and a copy thereof forwarded to the Administration of origin when that Administration so requires.

3. Die administrasie van bestemming tree net so op as sy bevoegde owerhede 'n pakket verbeurd verklaar of vernietig ingevolge die land se binnelandse verordeninge.

4. As 'n brief in 'n pakket ontdek word, moet die brief met twee maal die briefpostarief per land- of lugpos, na gelang van die geval, beboet word, en die bedrag van die boete kom die land van bestemming toe.

ARTIKEL IV.

Adresseer van pakkette.

1. Op elke pakket moet die naam en adres van die persoon of maatskappy vir wie of waarvoor dit bestem is, volledig genoeg voorkom om aflewering moontlik te maak.

2. Pakkette wat met potlood geadresseer is, word nie aangeneem nie, maar as die adres op 'n pakket met inkpotlood geskryf is op 'n oppervlakte wat vooraf klam gemaak is, word dit wel aangeneem.

3. Die adres moet op die omslag van die pakket geskryf word of, as dit onmoontlik is, op 'n etiket wat so vas daaraan geheg is dat dit nie kan losgaan nie.

4. Die administrasie van bestemming moet wanneer daar geen adres is nie of wanneer die adres verkeerd of onvolledig blyk die pakket as onbestelbaar terugstuur, maar kan die administrasie van herkoms versoek om die volledige en regte adres te verstrek. Dié besonderhede moet so gou doenlik en verkieslik per lugpos verstrek word.

ARTIKEL V.

Doeaneverklarings.

1. 'n Versendingsbrief en een of meer doeaneverklarings wat behoorlik ingevul is, moet elke pakket vergesel.

2. Die kontrakterende administrasies laat mekaar weet hoeveel doeaneverklarings nodig is.

ARTIKEL VI.

Pakketlyste.

1. Die wisselkantoor van versending moet pakkette wat tussen die kontrakterende administrasies gewissel word, op pakketlyste inskryf op die wyse waartoe die betrokke administrasies ooreenkom. Die pakketlyste moet saam met die pakkette na die wisselkantoor van die land van bestemming gestuur word.

2. Die pakketlyste wat elke wisselkantoor afstuur, moet opeenvolgende nommers kry, van No. 1 af vir die eerste versending van elke kalenderjaar, en dié nommers word die pakketlysnommers genoem.

3. Die inskrywings op elke pakketlys moet ook opeenvolgende nommers kry, van No. 1 af vir elke pakketlys, en dié nommers word die inskrywingsnommers genoem.

ARTIKEL VII.

Betaling vir vervoer.

1. Die administrasie van versending moet die koste van die vervoer van pakkette na die land van bestemming betaal.

2. Die roetes waarlangs die pakkette gestuur moet word en die hawens waar hulle afgelaai moet word, moet by wedersydse ooreenkoms tussen die kontrakterende administrasies gereël word.

3. Wanneer die een administrasie pakkette vervoer met kontrakbote van die ander moet daar vir die diens betaal word volgens die skaal wat die administrasie wat die kontrak vir die seediens het algemeen toepas.

ARTIKEL VIII.

Deursendingsdiens.

1. Die dienste van die een administrasie kan te eniger tyd deur die ander gebruik word vir die deursending van pakkette na enige ander plek of land waarmee eersgenoemde 'n pakketposdiens het.

2. Tensy ander reëlings bestaan, moet die pakkette à découvert gestuur word.

3. The same procedure shall be adopted by the Administration of destination in case of confiscation or destruction of the parcel by the competent authorities of the country of destination in accordance with their internal legislation.

4. If a parcel be found to contain a letter such a letter shall be surcharged with double the letter rate of postage by surface or air mail route, as the case may be, and the amount of surcharge shall accrue to the country of destination.

ARTICLE IV.

Addressing of Parcels.

1. Every parcel shall bear the name and address of the person or company for whom/which it is intended and given with such completeness as will enable delivery to be effected.

2. Addresses in pencil shall not be allowed, provided that parcels bearing addresses written in copying pencil on a surface previously damped shall be accepted.

3. The addresses shall be written on the wrapper of the parcel itself or when impracticable on a label so firmly affixed to it that it cannot become detached.

4. The Administration of destination shall in the absence of an address or when the address appears to be incorrect or incomplete, return the parcel as undeliverable but may request the Administration of origin to furnish the complete and correct address. Such information will be supplied as early as possible preferably by air mail.

ARTICLE V.

Customs Declarations.

1. Every parcel shall be accompanied by a despatch note and one or more customs declarations duly completed.

2. The contracting Administrations shall inform each other of the number of customs declarations required by them.

ARTICLE VI.

Parcel Bills.

1. Parcels exchanged between the contracting Administrations shall be entered by the despatching office of exchange on parcel bills in the manner agreed upon by the Administrations concerned. The parcel bills shall be forwarded with the parcels to the office of exchange of the country of destination.

2. The parcel bills despatched by each office of exchange shall be numbered consecutively, commencing with No. 1 for the first despatch of each calendar year and these numbers shall be termed parcel bill numbers.

3. The entries on each parcel bill shall also be numbered consecutively commencing with No. 1 for each parcel bill, and these numbers shall be termed entry numbers.

ARTICLE VII.

Payment for Conveyance.

1. The despatching Administration shall bear the cost of the conveyance of the parcels to the country of destination.

2. The routes by which the parcels shall be forwarded and the ports at which the parcels shall be landed shall be determined by mutual arrangement between the contracting Administrations.

3. When one Administration uses for the conveyance of its parcels a vessel which is under contract to the other, payment for the service shall be made in accordance with the scale which the Administration contracting for the sea service has adopted for general application.

ARTICLE VIII.

Intermediary Services.

1. The services of one Administration may at any time be utilized by the other for the transmission of parcels to any place or country with which the former has a parcel post service.

2. In the absence of any arrangement to the contrary the parcels shall be forwarded à découvert.

3. Vir die deursendingsdiens moet betaal word volgens die skaal wat die krediteuradministrasie algemeen op deurgaande pakkette toepas.

ARTIKEL IX.

Dringende en spoedpakkette.

Vir pakkette wat tussen die kontrakterende administrasies gewissel word, is daar geen diens vir spoedbestelling en vir dringende pakkette beskikbaar nie. So 'n diens kan egter later by wedersydse ooreenkoms ingestel word.

ARTIKEL X.

Onttrekking—verandering van adres.

Geen diens vir die onttrekking van 'n pakket aan die pos of vir verandering van die adres is beskikbaar nadat 'n pakket van die land van herkoms af versend is nie. Dit staan die twee administrasies egter vry om later wedersyds reëlings te tref vir die instelling van so 'n diens op voorwaardes wat vir albei partye bevredigend is.

ARTIKEL XI.

Afleweringsadvies.

Geen afleweringsadviesdiens is beskikbaar vir pakkette wat in enigeen van die twee rigtings gestuur word nie. So 'n diens kan egter later by wedersydse ooreenkoms ingestel word.

ARTIKEL XII.

Nie-aflewering.

1. Afsenders kan veroek dat indien 'n pakket nie afgelewer kan word nie dit—

(*a*) aan die afsender teruggestuur word;
(*b*) as prysgegee behandel word;
(*c*) aan 'n ander geadresseerde in die land van bestemming afgelewer word.

Geen ander versoek word toegelaat nie. Die versoek moet op die versendingsbrief aangedui word (indien een gebruik word), asook op die pakket.

2. Onafgelewerde pakkette wat van een kontrakterende administrasie aan die ander gestuur word en waarop 'n opdrag van die afsender voorkom wat nie toegelaat word nie, en onafgelewerde pakkette waarop geen opdrag voorkom nie, word sonder kennisgewing aan die afsender teruggestuur na verloop van een kalendermaand, gereken vanaf die tweede dag waarop die pakket beskikbaar was vir aflewering aan die geadresseerde.

3. Nuwe koste volgens die verordeninge van die administrasie wat die pakkette terugstuur—die koste moet op die betrokke pakketlys aangedui word—en alle koste wat in die land van herkoms in verband met die terugstuur van die pakket aan die afsender gehef word, moet van die afsender ingevorder en verdeel word onder die administrasies wat 'n aandeel gehad het aan die terugstuur van die pakket.

ARTIKEL XIII.

Kwytskelding van doeanereg en ander koste wat nie posdiensgeld is nie.

1. Die kontrakterende administrasies verbind hulle om hulle invloed by die bevoegde owerhede in hulle eie lande te gebruik ten einde die kwytskelding van doeanereg en ander koste wat nie posdiensgeld is nie, te verkry in die geval van pakkette wat na die land van herkoms teruggestuur of deur die afsenders prysgegee word of wat vernietig of na 'n derde land aangestuur word.

2. Hulle verbind hulle ook tot dergelike tussenkoms ten opsigte van pakkette wat in hulle posdiens verlore raak of beroof of beskadig word.

ARTIKEL XIV.

Foute en onreëlmatighede.

Indien daar by die aankoms van 'n posbesending by 'n wisselkantoor van ontvangs foute of onreëlmatighede in die pakketlys of 'n verskil tussen die pakketlys en die pakkette wat daarop ingeskryf is, ontdek word, of as geen pakketlys die besending vergesel nie, moet 'n bevestigingsadvies daaromtrent na die wisselkantoor van versending gestuur word. As daar binne 'n redelike tydperk geen bevestigingsadvies ontvang word nie, word aangeneem dat die pos by ontvangs in orde was.

3. The payment for intermediary services shall be in accordance with the scale which the creditor Administration has adopted for general application to transit parcels.

ARTICLE IX.

Express and Urgent Parcels.

A service for express delivery and for urgent parcels shall not be available for parcels exchanged between the contracting Administrations. The introduction of such services, may, however, subsequently be effected by mutual consent.

ARTICLE X.

Withdrawal—Alteration of Address.

A service for withdrawal of a parcel from the post or alteration of address shall not be available after the parcel has been despatched from the country of origin. It shall, however, be open to the two Administrations at a later date to arrange mutually for the provision of this service under conditions satisfactory to both parties.

ARTICLE XI.

Advice of Delivery.

No advice of delivery facilities will be available for parcels despatched in both directions. The introduction of such service may, however, subsequently be introduced by mutual consent.

ARTICLE XII.

Non-delivery.

1. Senders may request that in the event of non-delivery—

(*a*) the parcel be returned to sender;
(*b*) the parcel be treated as abandoned;
(*c*) the parcel be delivered to another addressee in the country of destination.

Other requests are not admitted. The request must be stated on the despatch note (if one is used) as well as on the parcel.

2. Undelivered parcels forwarded from one contracting Administration to the other bearing instructions by the sender which are not permitted, and undelivered parcels in respect of which there are no instructions by the sender in regard to disposal, shall without notification be returned to the sender after the expiration of one calendar month, reckoned from the day following that on which the parcel was available for delivery to the addressee.

3. Fresh charges in accordance with the regulations of the Administration returning the parcels, which charges shall be indicated on the relative parcel bill, and any charges leviable in the country of origin in connection with the return of the parcel to the sender shall be collected from the sender and apportioned among the Administrations taking part in the return of the parcel.

ARTICLE XIII.

Cancellation of Customs and Other Non-postal Charges.

1. The contracting Administrations undertake to use their influence with the competent authorities of their respective countries in order to obtain the cancellation of customs and other non-postal charges on parcels returned to the country of origin, abandoned by the senders, destroyed or forwarded to a third country.

2. Similar action is undertaken in respect of parcels lost, rifled or damaged in their service.

ARTICLE XIV.

Errors and Irregularities.

Every error, irregularity or discrepancy between a parcel bill and the parcels entered thereon which may be detected upon the arrival of a mail at the receiving office of exchange or the non-receipt of a parcel bill in the mail shall be recorded in a verification note which shall be forwarded to the despatching office of exchange. The non-receipt of a verification note within a reasonable period shall be taken as an indication that the mail has been received in order.

ARTIKEL XV.

Verkeerd gestuurde pakkette.

Verkeerd gestuurde pakkette moet langs die gewone roete na hulle bestemming gestuur word. Die kredits wat ten opsigte van die verkeerd gestuurde pakkette toegelaat word, moet as ingetrek beskou word, maar al die koste verbonde aan die heraanstuur van die pakkette na hulle regte bestemmings moet deur die administrasie van herkoms bestaal word.

ARTIKEL XVI.

Nasending.

Nasendingskoste vir pospakkette wat nagestuur moet word weens 'n fout van die afsender of weens die vertrek van die geadresseerde van een land na 'n ander, moet deur die afleweringsadministrasie van die geadresseerde of sy verteenwoordiger ingevorder word. Indien die geadresseerde of sy verteenwoordiger weier om hierdie koste te betaal, word die pakket op koste van die afsender aan hom teruggestuur.

ARTIKEL XVII.

Versekerde pakkette.

Die pakketversekeringsdiens is nie beskikbaar vir pakkette wat tussen die twee administrasies gewissel word of vir pakkette van 'n derde land wat deur een van die twee administrasies ontvang word vir deursending na die ander nie. Dit staan die twee administrasie egter vry om later te reël dat die diens beskikbaar gestel word.

ARTIKEL XVIII.

Kontant-by-aflewering-pakkette.

Die kontant-by-aflewering-diens is nie beskikbaar vir pakkette wat tussen die twee administrasies gewissel word of vir pakkette van 'n derde land wat deur een van die twee administrasies ontvang word vir deursending na die ander nie. Dit staan die twee administrasies egter vry om later by wedersydse reëling die diens beskikbaar te stel.

ARTIKEL XIX.

Aanspreeklikheid.

1. Die kontrakterende administrasies is nie in beginsel vir die verlies, berowing of beskadiging van pakkette aanspreeklik nie. Hulle sal egter ondersoek instel in gevalle van hierdie aard wat aan hulle voorgelê word.

2. Die afsender van 'n pakket is verantwoordelik vir die stewige verpakking daarvan op so 'n manier dat die inhoud teen beskadiging beveilig is.

ARTIKEL XX.

Eindkoste.

1. Die administrasie van herkoms moet eind- en deursendingskoste betaal op pakkette wat aan die ander kontrakterende administrasie gestuur word, teen tariewe wat deur laasgenoemde vasgestel word.

2. Die krediteuradministrasie het die reg om die tariewe te verander deur minstens een maand vooraf aan die ander administrasie kennis te gee van die voorgenome verandering.

ARTIKEL XXI.

Bederf van inhoud.

Wanneer daar gevrees word dat die inhoud van 'n pakket besig is of dreig om te bederf, kan die dadelik, sonder voorafgaande kennisgewing of geregtelike formaliteite, ten bate van die regte persoon verkoop word of op 'n ander wyse behandel word ooreenkomstig die verordeninge van die betrokke land.

ARTIKEL XXII.

Leë sakke.

Behalwe wanneer daar spesiale reëlings vir medegebruik getref is, moet leë sakke met die eerste geskikte posgeleentheid aan die administrasie waaraan hulle behoort, teruggestuur word. Geen land- of seedeursendingskoste is ten opsigte van sulke teruggestuurde leë sakke betaalbaar nie, en hulle moet teruggestuur word na die versendingskantoor van herkoms of na 'n ander kantoor wat deur die administrasie aangewys word.

ARTICLE XV.

Missent Parcels.

Missent parcels shall be forwarded to destination by the normally used route. The credits allowed in respect of the missent parcels shall be considered as cancelled but all the expenses involved in retransmitting the missent parcels to proper destination shall be borne by the Administration of origin.

ARTICLE XVI.

Redirection.

Redirection charges for postal parcels redirected in consequence of a mistake by the sender or removal of the addressee from one country to another shall be borne by the addressee or his representative at the delivering Administration. In case of refusal by the addressee or his representative to bear these charges the parcel shall be returned to sender at his expense.

ARTICLE XVII.

Insured Parcels.

The insured parcel service shall not be available for parcels exchanged between the two administrations nor to parcels from a third country received by one of the two Administrations for transmission to the other. Nevertheless it shall be open to the two Administrations at a later date to arrange for the provision of this service.

ARTICLE XVIII.

Cash-on-delivery Parcels.

The cash-on-delivery service shall not be available for parcels exchanged between the two Administrations nor for parcels from a third country received by one of the two Administrations for transmission to the other. Nevertheless it shall be open to the two Administrations at a later date mutually to arrange for the provision of this service.

ARTICLE XIX.

Responsibility.

1. The contracting Administrations are not responsible in principle for the loss, spoliation or damage of parcels. They, however, will make equiry in cases which are submitted to them in this connection.

2. The sender of a parcel shall be responsible for ensuring that it is securely packed in such a manner as to protect the contents from damage.

ARTICLE XX.

Terminal Credits.

1. The Administration of origin shall pay terminal or transit charges on parcels despatched to the other contracting Administration at rates fixed by the latter.

2. The creditor Administration shall have the power to alter the rates by giving advanced notice to the other Administration of one month at least.

ARTICLE XXI.

Deterioration of Contents.

Where the deterioration or imminent corruption of the contents of a parcel is feared, they may be sold immediately without previous notice or judicial formality for the benefit of the right party or they may be disposed of in such other manner as provided for in the regulations of the country concerned.

ARTICLE XXII.

Empty Bags.

Except where special arrangements exist for reciprocal use, empty bags shall be returned to the administration to which they belong by the earliest convenient mail. No territorial or maritime transit fees are payable in respect of these returned empties and they must be returned to the despatching office of origin or to any other office nominated by the Administration.

ARTIKEL XXIII.

Goewermentspakkette.

Op goewermentspakkette is in alle opsigte dieselfde voorwaardes van toepassing as op gewone pakkette. Die twee administrasies sal egter alle moontlike pogings aanwend om pakkette wat aan staatsdepartemente en lede van die diplomatieke korps in hulle onderskeie lande geadresseer is, met spoed te hanteer en gou af te lewer.

ARTIKEL XXIV.

Korrespondensie tussen administrasies.

1. In gewone sake rakende die invul, versending of verbetering van pakketlyste (wat deur middel van bevestigingsadviese afgehandel kan word), moet korrespondensie tussen die betrokke wisselkantore gevoer word. Korrespondensie ter afhandeling van kwessies wat nie oor ondergeskikte besonderhede gaan nie, moet tussen die hoofkantore van die betrokke administrasies gevoer word.

2. Indien 'n administrasie dit verlang, moet 'n duplikaatkopie van elke bevestigingsadvies gestuur word na die hoofkantoor van die administrasie waaraan die kantoor van herkoms behoort.

ARTIKEL XXV.

Rekenings en vereffening van rekeningbalanse.

1. (*a*) Elke administrasie moet kwartaallikse state opstel met besonderhede, en ooreenstemmende kredits, van pakketbesendings wat van die ander administrasie ontvang is.

(*b*) Aparte state moet deur die administrasie van ontvangs opgestel word van pakketpos wat deur elke wisselkantoor versend is.

2. 'n Opsommingstaat wat die totale kredits verskuldig deur die land van afsending aandui, moet ook deur die administrasie van ontvangs opgestel word en die opsomming tesame met die gedetailleerde state wat in paragraaf 1 genoem is, moet so gou moontlik en binne die volgende kwartaal deur die krediteuradministrasie aan die debiteuradministrasie gestuur word.

3. Die state moet voldoen aan ontwerpe waaroor die kontrakterende administrasies wedersyds ooreengekom het.

4. Die opsomming- en gedetailleerde state moet deur die debiteuradministrasie nagegaan word en 'n geaksepteerde afskrif van elk moet so gou moontlik aan die krediteuradministrasie teruggestuur word.

5. Onmiddellik na kennisgewing van akseptasie, moet elke administrasie vasstel of hy 'n debiteur of krediteur is ten opsigte van pakkette wat in albei rigtings versend is. Die debiteuradministrasie moet onverwyld die krediteuradministrasie in kennis stel wat die netto balans is en terselfdertyd betaling daarvan reël.

ARTIKEL XXVI.

Byvoegings tot en wysigings van die Ooreenkoms.

Elke kontrakterende administrasie behou hom die reg voor om van tyd tot tyd byvoegings tot en wysigings van die ooreenkoms aan die hand te doen, wat na wedersydse instemming in die ooreenkoms opgeneem sal word.

ARTIKEL XXVII.

Inwerkingtreding van die Ooreenkoms.

Hierdie ooreenkoms tree in werking op die eerste dag van Januarie 1955 en bly van krag tot een jaar na die datum waarop die een party aan die ander kennis gegee het van sy voorneme om dit te beëindig.

In tweevoud aangegaan en geteken in Pretoria, op hede die Een-en-dertigste dag van Desember 1954.

L. C. BURKE,
Posmeester-generaal van die Unie van Suid-Afrika.

In Jerusalem op hede die Twaalfde dag van Januarie 1955.

A. RANAN,
Direkteur van Posdienste van die Staat van Israel.

ARTICLE XXIII.

Government Parcels.

Government parcels shall be subject in all respects to the conditions applicable to ordinary parcels. However, every possible effort will be exercised by the two Administrations to provide for an expeditious treatment and early delivery of parcels addressed to government departments and members of diplomatic corps in their respective countries.

ARTICLE XXIV.

Correspondence between Administrations.

1. In ordinary matters relating to the preparation, transmission or correction of parcel bills (which can be dealt with by means of verification notes) the offices of exchange shall be the offices of correspondence. Principal matters and questions other than those of detail shall be settled in communication between the chief offices of the Administrations concerned.

2. A duplicate of each verification note shall be sent to the chief office of the Administration to which the office of origin belongs when that Administration so requires.

ARTICLE XXV.

Accounts and Settlement of Accounts Balance.

1. (*a*) Each Administration shall prepare quarterly statements showing details, and corresponding credits, of parcel despatches received from the other Administration.

(*b*) Separate statements shall be prepared by the receiving Administration for the parcel mails despatched by each office of exchange.

2. A summary statement showing the total credits due by the despatching country shall also be prepared by the receiving Administration and this summary together with the detailed statements referred to in paragraph 1 shall be sent from the creditor to the debtor Administration as early as possible and not later than the end of the third month following the close of the accounting period.

3. The statements shall conform to designs mutually agreed upon between the two contracting Administrations.

4. The statements (detailed and summary) shall be verified by the debtor Administration and an accepted copy of each returned to the creditor Administration as soon as possible.

5. Immediately following notification of acceptance, each Administration shall ascertain whether it is a debtor or a creditor in respect of parcels forwarded in both directions. The debtor Administration shall forthwith advise the creditor Administration of the net balance and at the same time arrange for settlement of such net balance.

ARTICLE XXVI.

Additions or Alterations to the Agreement.

Each contracting Administration reserves the right to suggest from time to time to the other, additions or alterations which will be incorporated in the Agreement upon mutual consent.

ARTICLE XXVII.

Entry into Force of the Agreement.

This Agreement shall come into operation on the first day of January, 1955, and shall remain in force until one year after the date on which one party has given notice to the other party of its intention to terminate it.

Executed in duplicate and signed at Pretoria this 31st day of December, 1954.

L. C. BURKE,
Postmaster-General of the Union of South Africa.

At Jerusalem this 12th day of January, 1955.

A. RANAN,
Director of Postal Services of the State of Isreal.

✱ No. 410.] [4 Maart 1955.

Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om, kragtens die bepalings van subartikel (4) van artikel *drie* en van artikel *vier* van Wet No. 10 van 1911, sy goedkeuring te heg aan onderstaande wysigings in die Telefoonregulasies:—

Regulasie No. 37. Skrap "Vereeniging (met inbegrip van Drieriviere en Vanderbijlpark)".

Regulasie No. 40.—Na item (iv) (Durbanse voorstedelike sentralestelsel) voeg by:—

„(v) Vereenigingse sentrale stelsel, bevattende—

Kring AK: Drieriviere, Vanderbijlpark, Vereeniging. Kring BI: Sasolburg."

Regulasie No. 41.—Onder „Oproepkoste', tweelaaste paragraaf, skrap „(met inbegrip van Vanderbijlpark)".

Regulasie No. 45.—Item (*d*): Skrap „(met inbegrip van Vandtrbijlpark)".

Regulasie No. 53.—Item (*h*): Skrap „(met inbegrip van Vanderbijlpark)".

DEPARTEMENT VAN NATURELLESAKE

✱ No. 417.] [4 Maart 1955.

GOEWERMENTSKENNISGEWING.

INSTELLING VAN DIE MOTHIBA-STAMOWERHEID.—DISTRIK PIETERSBURG.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om, kragtens artikel *twee* van die Wet op Bantoe-owerhede, 1951 (Wet No. 68 van 1951), 'n Bantoe-stamowerheid in te stel vir die Bakoni-stam onder kaptein Pogoli Peter Mothiba, ten opsigte van die gebied in die Bylae hiervan omskryf.

Daar word verder bekendgemaak dat Sy Eksellensie, ingevolge artikel *drie* van voornoemde Wet, bepaal het dat sodanige stamowerheid, benewens die kaptein van genoemde stam, moet bestaan uit minstens ses en hoogstens nege raadsmanne.

BYLAE.

Die gebied in die distrik Pietersburg bestaande uit 'n gedeelte van die plaas Onverwacht No. 353, bekend as Mothiba-lokasie, en gedeelte van die Trustplaas Melkboom fontein 425.

✱ No. 418.] [4 Maart 1955.

INSTELLING VAN 'N ALGEMENE HEFFING DEUR DIE VERENIGDE ALGEMENE RAAD VAN DIE TRANSKEIGEBIED.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om kragtens die bepalings van subartikel (1) van artikel *een-en-vyftig* van Proklamasie No. 65 van 1953, die instelling van 'n algemene heffing deur die Verenigde Algemene Raad van die Transkeigebied ooreenkomstig bygaande Bylae goed te keur.

Die gesondheidsbelasting wat gehef is, by Goewermentskennisgewing No. 2991 van 1952, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. 1201 van 1953, word hierby afgeskaf en genoemde goewermentskennisgewings herroep met ingang van 1 Januarie 1955; met dien verstande dat enige gesondheidsbelasting wat op 31 Desember 1954 nog verskuldig en onbetaald is, ingevorder moet word asof genoemde goewermentskennisgewings nie herroep is nie.

✱ No. 410.] [4 March 1955.

